- Data en inligting te interpreteer, te kombineer en die inligting te herrangskik om *jou* begrip en insig te toon en om die fokusvraag te beantwoord.
- Die verslag te voltooi. Gebruik goeie woordverwerkingsbeginsels en -tegnieke. Gebruik jou eie woorde.
- 'n Webtuiste met die gebruik van HTML te skep en neem toepaslike uitleg, leesbaarheid en ander bruikbaarheidskwessies in ag.

Verslag

Om die kennis en insig wat jy verwerf het, sowel as die aanbeveling/oplossing vir die probleem oor te dra, moet jy 'n verslag (**6–10 bladsye**) oor jou ondersoek en bevindings skryf:

1. Pas die woordverwerkingsvaardighede toe wat jy geleer het om 'n *professionele* dokument te skep. Neem kennis van die stylgids – sien **Bylae B**.
2. Jou verslag moet uit die volgende bestaan:
 - 'n Dekblad
Skep 'n goed gestruktureerde, pasgemaakte dekblad wat professioneel lyk met die gebruik van toepaslike inhoudskontroles. Die dekblad moet ten minste die volgende vertoon:
 - Jou naam en van
 - Die naam van jou skool
 - Die vak se naam
 - Die PAT-onderwerp
 - Die fokusvraag
 - 'n Betekenisvolle oorsig/uitreksel
 - Die datum (finale voltooiingsdatum/inlewingsdatum)
 - 'n Inhoudsopgawe, asook ander verwysings/tabelle soos 'n tabel met syfers of 'n tabel met outoriteite, ens.
 - Inhoud
Gebruik die data en inligting uit Fase 2 en die begrip en insig wat jy deur jou ondersoek verwerf het om die verslag te voltooi. Jou verslag moet, as 'n riglyn, uit ongeveer 1 600-2 000 woorde bestaan (slegs inhoud, uitsluitend dekblad, inhoudsopgawe, verwysings en grafika). Gebruik die volgende uiteensetting:
 - **Inleiding**
Verskaf agtergrondinligting wat die leser vertel waarom die verslag gaan. Stel die probleem, doel en die fokus van die ondersoek duidelik, m.a.w. beantwoord die volgende vrae:
 - Wat is die probleem?
 - Wat was die doel van die ondersoek?
 - Wat was die fokus/watter aspekte het jy ondersoek?

- **Liggaam**
 - Opskrifte van Fase 1 en 2 met toepaslike, verwante inligting onder elke opskrif wat die ondersoek en bevindinge bespreek, sowel as die verskaffing van argumente/die maak van bewerings. Alle argumente/bewerings moet deur bewyse wat tydens die ondersoek ingesamel is, ondersteun word en gemotiveer/bespreek word.
 - Ondersteunende bewyse soos grafieke, tabelle en data waar toepaslik.
 - Interpreteer en integreer inligting waar nodig.
 - Verskaf bevindinge/aanbevelings wat die oorspronklike probleem/fokusvraag duidelik en effektief aanspreek.
 - Neem die volgorde en vloei van die inligting in ag.
 - Verskaf aanhalings en/of voetnotas waar toepaslik.
 - Die inligting wat jy gee, moet in **jou eie woorde** geskryf wees.
 - Jy sal swaar gepeenaliseer word as jy groot dele teks direk van die Internet of enige ander bron kopieer en inplak. Plagiaat is totaal onaanvaarbaar.
 - Wees oorspronklik en kreatief.
 - **Gevolgtrekking**

Die gevolgtrekking moet met gebruik van die inligting en bewyse gemaak word, en moet die oorspronklike probleem/fokusvraag aanspreek, toepaslik opgesom met geen nuwe inligting wat jy nie ondersoek het nie.
 - **Bronnelys**
 - Gebruik die verwysingsfunksie ('reference function') in jou woordverwerkings-program en gebruik 'n verwysingsstyl soos Harvard of APA.
 - Al die inligting wat jy benodig, behoort in die opsomming van die dokumente wat jy in Fase 1 en 2 geskep het, gevind te word.
3. Alle inligting moet duidelik aangehaal word waar toepaslik.
 4. Die verklaring van egtheid (as 'n bylae) en enige ander ondersteunende bewyse moet as aanhangsels bygevoeg word.
 5. Die verskillende dele van die verslag (dekblad, inhoudsopgawe, aanhangsels) moet duidelik geskei word met gebruik van toepaslike woordverwerkingsbeginsels en -tegnieke soos seksiebreuke ('section breaks'). Verskillende aanhangsels moet duidelik van die hoofdokument en van mekaar onderskei word.
 6. Organiseer die inligting op enige logiese en samehangende manier.
 7. Gebruik van grafika en/of grafieke:
 - Die grafika en/of grafieke wat ingesluit is, moet sinvol wees en waarde tot die dokument toevoeg.
 - Grafieke, tabelle, data, opsommings, ens. moet maklik wees om te lees en te interpreteer.
 - Verskaf byskrifte.
 - Erkennung moet gegee word aan grafika wat van die Internet of ander bronne verkry word.
 8. Gebruik 'n woordverwerkingsfunksie om bladsynommers in die bladsy-onderskrif van die dokument in te voeg. Bladsynommers moet nie op die dekblad (titelbladsy) gebruik word nie, en bladsynommers van afdelings, elk as 'n aanhangsel, moet weer begin en/of anders geformateer word.

Webtuiste

Om in staat wees om die kennis en insig wat jy verwerf het met 'n breër gehoor te deel, moet jy 'n webtuiste skep.

9. Skep 'n webtuiste met 'n tuisblad wat met ten minste TWEE ander webblaaie verbind/geskakel is. Stoor dit in jou Fase 3-lêergids en gebruik betekenisvolle lêername.
10. Jou webtuiste moet ten minste die volgende insluit:
 - 'n Titel
 - 'n Inleiding
 - 'n Funksionele navigasiesetel
 - Goeie gehalte inligting oor die onderwerp/jou ondersoek wat feitelik korrek is. Die inligting moet goed gestruktureer wees en toepaslike beginsels en tegnieke soos opskrifte, paragrawe, lyste, horisontale lyne gebruik
 - Hiperskakels na ander goeie gehalte inligting waar toepaslik
11. Maak seker dat jou webtuiste goed uiteengesit en leesbaar is en 'n konsekwente voorkoms het. Dit moet maklik wees om vlugtig deur die webtuiste te lees/soek en belangrike inligting te vind.
12. Verskillende elemente/dele van die bladsye moet duidelik onderskei word.
13. Grafika/Prente moet verband hou met die onderwerp of doel van die webtuiste, begrip bevorder, korrek vertoon en van 'n hoë gehalte wees. Dit moet ook van 'n geskikte grootte wees en toepaslik weggesny ('cropped') wees. Dit moet ook visueelgestremde gebruikers in ag neem.
14. Afrikaanse taalgebruik moet van 'n goeie standaard wees en maak seker daar is geen spel- en taalfoute nie.
15. Gee op 'n toepaslike wyse erkenning aan inligting en grafika wat uit ander bronne gebruik is.

Fase 3-inlewering

Sodra jy hierdie deel van die projek voltooi het:

16. Dien 'n kopie van jou volledige PAT-lêergids by jou onderwyser in – maak seker dat die vraelyste, elektroniese kopieë van bronne, webblaaie wat as bronne gebruik is, verslag-dokumente van Fase 1 en 2, sigblad, databasis, verslag en webtuiste korrek gestoor is.
17. Maak seker dat jy die finale verklaring (**Bylae C**) as deel van jou verslag voltooi het.
18. Lewer die lêer in met enige hardekopie-bewyse wat jy ingesamel het, en wat nie na elektroniese formaat omgeskakel is nie.

Jou onderwyser sal vir jou die datum gee waarop jy jou Fase 3-werk vir assessering moet indien.

4. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

Bylae A: Asseseringsinstrumente

ASSESSERINGSINSTRUMENT – FASE 1

LEERDERNAAM: _____

DATUM INGELEWER: _____

LET WEL: Hierdie is 'n kriterium-verwysingsinstrument en nie 'n norm-verwysingsinstrument nie.

Die onderwyser moet toepaslike kriteria verhelder of 'n regmerkies maak in kolom 2. Die getal regmerkies in kolom 2 bepaal nie altyd die punt wat in kolomme 4 tot 8 verkry word nie. Bring die kriteria met die punt in verband, bv. in item 1, as antwoorde op al 5 vrae duidelik is, word 'n 4 toeëken.

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
1	<p>TAAKBESKRYWING Dit beskryf die doel van die taak/projek (PAT) duidelik <u>in die leerder se eie woorde</u>, m.a.w. toon 'n deeglike begrip van die probleem (wat die probleem is), wat hy/sy moet ondersoek en waarom hy/sy die ondersoek doen. Bied 'n duidelike oorsig van die fokus van sy/haar ondersoek en die aspekte wat ondersoek en gedek moet word en dui ook aan hoe hy/sy te werk sal gaan, aan wie en hoe dit aangebied moet word.</p> <p><input type="checkbox"/> Waarom doen ek die ondersoek? <input type="checkbox"/> Wat sal die fokus van my ondersoek wees? <input type="checkbox"/> Hoe sal ek te werk gaan met die ondersoek terwyl ek die beperkinge ('parameters') van die PAT in ag neem? <input type="checkbox"/> Wie is die teikengehoor? <input type="checkbox"/> In watter formaat moet my bevindinge aangebied word?</p>	4	<ul style="list-style-type: none"> Al 5 vrae in die kriteria is duidelik beantwoord en in leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 4 van die 5 vrae in die kriteria is duidelik beantwoord en in leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 3 van die 5 vrae in die kriteria is duidelik beantwoord en in leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 2 van die 5 vrae in die kriteria is duidelik beantwoord en in leerder se eie woorde 	<ul style="list-style-type: none"> Nie gedoen nie OF Minder as 2 van die 5 vrae in die kriteria is beantwoord OF Die vrae is so vaag beantwoord dat geen merkbare doel gevind kan word nie OF Enge deel van die taakbeskrywing is nie in leerder se eie woorde nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
2	FOKUSVRAAG 'n Duidelik uiteengesette, bondige, ondersoekbare vraag wat die fokus van die ondersoek presies beskryf, binne die breër scenario, en wat toepaslik is op wat in die taakbeskrywing gegee is. (Sal die ondersoek duidelik rig en 'n aanduiding van die omvang gee)							
	<input type="checkbox"/> Duidelik uiteengesit, bondig, ondersoekbare vraag <input type="checkbox"/> Enkele sin (nie twee vrae/paragraaf, ens. nie) <input type="checkbox"/> Duidelik tersaaklik vir/fokuspunt van die scenario/onderwerp	3		<ul style="list-style-type: none"> Al 3 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 2 van die 3 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 1 van die 3 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Geen fokusvraag nie OF So vaag dat geen waarneembare fokus of rigting gevind kan word nie OF Nie ondersoekbaar nie 	
3	VRAE – GEHALTE (Vrae wat die ondersoek lei – Dit is NIE vir die VRAELYS nie.) 'n Minimum van 10 vrae , op ten minste DRIE verskillende vlakke (bv. 'feitelik/geslote', 'ondersoek/verken', 'voorspel/verander', 'beoordeel/evalueer') toepaslik tot die fokusvraag, wat sal help om die fokusvraag te beantwoord en 'n oplossing vir die probleem/fokusvraag binne die grense van die PAT-vereistes te bied, d.w.s. verskaf kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe inligting.							
	<input type="checkbox"/> Alle vrae wat verskaf is, is van toëpassing op die fokusvraag en sal help om die fokusvraag te beantwoord. <input type="checkbox"/> Sluit vrae in wat data/statistiek-tipe antwoorde sal gee, byvoorbeeld Hoeveel? Hoeveel keer? Hoe dikwels? <input type="checkbox"/> Sluit 'n verskeidenheid vrae in (ten minste DRIE vrae oor elk van die DRIE verskillende vlakke)	3		<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik al 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 2 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 1 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Geen vrae nie OF Al 3 aspekte onvanpas 	
4	VRAE – TEGNIESE ASPEKTE Tegniese aspekte soos organisering van vrae, getal vrae en bronne aangedui							
	<input type="checkbox"/> Alle vrae is georganiseer onder gepaste opskrifte wat op die onderwerp van toëpassing is (ten minste DRIE opskrifte) <input type="checkbox"/> Moontlike geskikte tipe bron (bv. Internet/gedrukte media/mense) vir elke vraag aangedui <input type="checkbox"/> Ten minste 10 vrae ingesluit	3		<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik al 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 2 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 1 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Nie gedoen nie OF Al 3 aspekte onvanpas 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
5	BRONNE – BIBLIOGRAFIESE INLIGTING Toepaslike bronne geïdentifiseer om vrae te beantwoord en bronbesonderhede duidelik aangedui vir ALLE bronne en verwysingsfunksies in 'n woordverwerkingsprogram							
	<input type="checkbox"/> Bronnaam <input type="checkbox"/> Artikelnaam/webblad/hoofstuk/bladsye <input type="checkbox"/> URL (indien van die Internet verkry is) <input type="checkbox"/> Datums (geskep/gepubliseer/uitgegee/opgedateer/toegang verkry) <input type="checkbox"/> Outeur/organisasie/uitgewer	4	<ul style="list-style-type: none"> Alle <i>toepaslike</i> aspekte vir alle bronne aangespreek vir alle bronne deur bron- en verwysingsfunksies in woordverwerker te gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> <i>Toepaslike</i> aspekte vir ten minste twee bronne aangespreek deur bron- en verwysingsfunksies in woordverwerker te gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> <i>Toepaslike</i> aspekte vir ten minste een bron aangespreek deur bron- en verwysingsfunksies in woordverwerker te gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> Enkele <i>toepaslike</i> aspekte vir ten minste een bron aangespreek deur bron- en verwysingsfunksies in woordverwerker te gebruik 	<ul style="list-style-type: none"> Geen bronbesonderhede verskaf nie OF Bron- en verwysingsfunksies van woordverwerker nie gebruik nie 	
6	BRONNE – TEGNIES Leerder het 'n verskeidenheid bronne geïdentifiseer (ten minste DRIE bronne, <i>uitsluitend vraelys</i>)							
	Getal bronne, <i>uitsluitend vraelys</i> : <input type="checkbox"/> 2 webtuistes <i>plus</i> <input type="checkbox"/> 1 van 'n ander tipe/media (bv. tydskrif, koerant, brosjure, teksboek – gedruk of elektroniese formaat), e-pos/ onderhoud met 'n kundige	2			<ul style="list-style-type: none"> Korrekte getal en verskeidenheid bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Te min OF nie geskikte verskeidenheid nie 	<ul style="list-style-type: none"> Nie verskaf nie 	
7	VRAELYS – GEHALTE Weldeurdagte vraelys wat antwoorde sal verskaf op vrae <u>wat waarskynlik nie in ander bronne gevind sal word nie</u> of wat lei tot verifiëring, verduideliking of aanvulling van ander inligting. Sommige vrae sal die verwerking van data met gebruik van 'n sigblad en databasis moontlik maak.							
	<input type="checkbox"/> Alle vrae is relevant <input type="checkbox"/> Vrae verskaf meestal antwoorde op vrae <u>wat nie in ander bronne gevind kan word nie</u> of wat aanvul/verifieer/verduidelik <input type="checkbox"/> Duidelike instruksies help gebruikers om die vrae te beantwoord <input type="checkbox"/> Ten minste 30 voltooide vorms	4	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik al 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 3 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 2 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 1 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Geen vraelys nie OF Geen van die 4 aspekte is duidelik teenwoordig nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
8	<p>VRAELYS – TEGNIES Elektronies-gegenereerde vraelys, professioneel en toepaslik ontwerp volgens die manier waarop dit geadministreer sal word (aanlyn, via e-pos of gedruk, bv. geskep in woordverwerkingsprogram met die gebruik van toepaslike beginsels en tegnieke soos kontroles/vormvelde of geskep in Google Docs of 'n redigeerbare PDF) wat dit moontlik sal maak om vrae toepaslik te beantwoord asook om data en inligting akkuraat in te voer/vas te lê en te verwerk.</p>							
	<input type="checkbox"/> Elektroniese vorm geskep, toepaslik vir die manier waarop dit geadministreer sal word <input type="checkbox"/> Toepaslike opskrifte met toepaslike vrae (Toepaslike vrae saam gegroepeer onder relevante opskrifte) <input type="checkbox"/> Maksimum een (1) bladsy met ten minste 5 vrae, uitgesluit biografiese data (bv. naam, geslag, ouderdom, adres) <input type="checkbox"/> Professionele formatering en uitleg (bv. die toepaslike woordverwerkingstegnieke)	4	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik al 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 3 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 2 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 1 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen vraelys nie OF • Geeneen van die 4 aspekte duidelik teenwoordig nie 	
9	<p>BEWYSE EN ORGANISASIE VAN DOKUMENTE Formaat en organisasie van materiaal/bewyse</p>							
	<input type="checkbox"/> Elektroniese en/of hardekopieë van alle dokumente (bewyse van bronne ingesluit) beskikbaar <input type="checkbox"/> Alles georganiseer in 'n logiese lêergidsstruktuur (sublêergidse binne-in elke fase), duidelik benoem en maklik om te vind/navigeer <input type="checkbox"/> Betekenisvolle lêergids- en lêername gebruik	2			<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik al 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 2 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen bewyse nie OF • Bevat slegs 1 van die 3 aspekte 	
10	<p>FASE 1-DOKUMENT Een woordverwerkingsdokument wat al die inligting bevat wat vir Fase 1 benodig word ('n kopie van die vraelys as 'n bylae ingesluit, maar ander inligtingsbronne uitgesluit) en dit verskaf hiperskakels na ander lêers/bewyse/bronne om maklike navigasie en maklike toegang tot alle ander lêers/bewyse/bronne moontlik te maak</p>							
	<input type="checkbox"/> Al die nodige werk/inligting vir Fase 1 as 'n enkele (1) dokument aangebied <input type="checkbox"/> Bevat skermkopie van lêergidsstruktuur <input type="checkbox"/> Hiperskakels/Boekmerke in dokument en/of bron-tabel lei tot relevante inligting/bronne en werk/maak korrek oop	3		<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik al 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 2 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 1 van die 3 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen dokument nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
11	<p>FASE 1-DOKUMENT – TEGNIESE GEHALTE Professionele aanbieding wat goeie en korrekte woordverwerkingsbeginsels en -tegnieke gebruik</p> <p>Goed gestruktureerde, leesbare en professionele dokument:</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Toepaslike, leesbare lettertipes, grootte (10–12 pt) en aanvaarbare getal lettertipes (nie meer as twee nie); opskrifte is duidelik uitgelig (ook in tabelle) (opskrifte se lettertipes – 10–14 pt) <input type="checkbox"/> Toepaslike reël- en paragraafspasiëring (geen 'leë' paragrawe nie) <input type="checkbox"/> Toepaslike woordspasiëring (nie twee of meer spasies tussen woorde of na leestekens nie) en leestekens (punt aan einde van sin, hoofletter aan begin van sin) <input type="checkbox"/> Geen spel- of taalfoute nie <input type="checkbox"/> Konsekwente formatering regdeur 	4	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik al 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 4 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 3 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevat duidelik 2 van die 5 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> • Geen dokument nie OF • Bevat slegs 1 van die 5 aspekte OF • Totaal ongestruktureerd, onleesbaar of onprofessioneel 	
TOTALE PUNT:		36	PUNT BEHAAL					
<p>Kommentaar/terugvoer:</p> <hr/> <hr/>								
<p>Onderwyser se naam: _____ Onderwyser se handtekening: _____ Datum: _____</p>								

ASSESSERINGSINSTRUMENT – FASE 2

LEERDERNAAM: _____

DATUM INGELEWER: _____

LET WEL: Hierdie is 'n kriterium-verwysingsinstrument en nie 'n norm-verwysingsinstrument nie.

Die onderwyser moet toepaslike kriteria verhelder of 'n regmerknie maak in kolom 2. Die getal regmerkies in kolom 2 bepaal nie altyd die punt wat in kolom 4 tot 8 verkry word nie. Bring die kriteria met die punt in verband, bv. in item 1, as antwoorde op al 5 vrae duidelik is, word 'n 4 toegeken.

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
1	INLIGTING – EVALUERING Tabelle is vir ten minste TWEE webtuistes en een ander bron voltooi, wat die gehalte van die bron en die inhoud daarvan duidelik evalueer deur 'n duidelike tersaaklike motivering/verduideliking vir elke aspek te gee.							
	<input type="checkbox"/> Outoriteit <input type="checkbox"/> Geldigheidsduur <input type="checkbox"/> Akkuraatheid <input type="checkbox"/> Objektiviteit <input type="checkbox"/> Dekking	4	<ul style="list-style-type: none"> Al 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 4 van die 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 3 van die 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 2 van die 5 aspekte duidelik aangespreek en korrek gemotiveer/verduidelik vir alle bronne 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 1 van die 5 aspekte duidelik en korrek gedoen vir alle bronne Nie vir alle bronne gedoen nie 	
2	INLIGTING – OPSOMMING Inligting van elke bron wat gebruik word, is in leerder se eie woorde opgesom. Opsomming gee inligting beskikbaar in die bron wat relevant tot die onderwerp is en wat sal help om vrae te beantwoord of nuttig is vir die oplossing van die probleem.							
	<input type="checkbox"/> Opsommings vir alle bronne voltooi <input type="checkbox"/> Inligting het betrekking op die onderwerp <input type="checkbox"/> Inligting sal die fokusvraag beantwoord <input type="checkbox"/> Alle opsommings is in leerder se eie woorde	4	<ul style="list-style-type: none"> Al 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 3 van die 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 2 van die 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 1 van die 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Geen van die aspekte duidelik teenwoordig nie OF Nie gedoen nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
3	SIGBLAD – TEGNIES Goed ontwerp en geformateer deur geskikte formateringstegniese (rame, skakering, fontspasiëring, ens.) te gebruik met 'n goeie uitleg en is maklik om te lees en te interpreteer (ry- en kolomopskrifte staan uit). Die formaat moet bydra tot leesbaarheid en dit nie belemmer nie.							
	<input type="checkbox"/> Goed ontwerp en geformateer <input type="checkbox"/> Goeie uitleg, maklik om te lees en te interpreteer	2			<ul style="list-style-type: none"> Albei aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 1 van die 2 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Geen sigblad nie OF Geen van 2 aspekte duidelik teenwoordig nie 	
4	SIGBLAD – GEHALTE Relevante data gebruik. Verwerking is korrek en relevant/toepaslik en sal vrae beantwoord, tendense/patrone wys, insig voorsien en bydra tot die oplossing.							
	<input type="checkbox"/> Relevante, toepaslike data ingesamel en vasgelê <input type="checkbox"/> Relevante/Toepaslike verwerking en analise van data <input type="checkbox"/> Analise sluit relevante, toepaslike data in, anders as wat deur die vraelys/meningsopname ingewin is <input type="checkbox"/> Geen verwerkingsfoute/foutaanwysers nie	4	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik al 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 3 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 2 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik slegs 1 van die 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Die meeste data nie relevant nie OF Die meerderheid van die verwerking nie toepaslik/relevant nie of is heeltemal verkeerd 	
5	SIGBLAD – GRAFIEKE Grafieke is toepaslik, sinvol en dien 'n doel, is die korrekte soort en is geformateer sodat dit maklik is om te interpreteer (opskrifte, byskrifte, sleuteletikette, ens.) Die grafieke sal help om vrae te beantwoord en dra by tot die oplossing/verduidelik aspekte van die probleem/oplossing.							
	<input type="checkbox"/> Ten minste twee toepaslike, sinvolle grafieke, wat sal bydra tot die oplossing <input type="checkbox"/> Tweede geskikte, betekenisvolle grafiek, wat tot die oplossing sal bydra <input type="checkbox"/> Toepaslike tipes grafieke gebruik <input type="checkbox"/> Grafiek(e) maklik om te interpreteer	4	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik al 4 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 3 aspekte ingesluit 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 2 aspekte ingesluit 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 1 aspek ingesluit 	<ul style="list-style-type: none"> Geen grafiek nie OF Geen van die vier aspekte ingesluit nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
6	<p>SIGBLAD – KOMPLEKSITEIT</p> <p>Die volgende verteenwoordig die vier verskillende vlakke van kompleksiteit van sigbladfunksies:</p> <p>① Eenvoudige funksies wat slegs 'n reeks/lys van selverwysings/waardes/lys van teks insluit (bv. sum, max, min, count, average, mode, median, len, value) of 'n formule wat enige van hierdie funksies vervang of eenvoudige berekenings wat slegs een rekenkundige bewerkingsteken (+, -, *, /) gebruik</p> <p>② Funksies wat 'n reeks/teks/waardes/lys van selverwysings plus een parameter/kriterium insluit (bv. round, large, small, left, right, concatenate) of funksies wat 'n reeks/teks/lys van selverwysings/waardes plus kriterium met een relasionele bewerkingsteken insluit (bv. countif, sumif) of berekenings wat 'n kombinasie van rekenkundige bewerkingstekens, hakies of berekenings gebruik wat 'n kombinasie van twee eenvoudige funksies op vlak ① gebruik</p> <p>③ Funksies wat 'n reeks/teks/waardes/lys van selverwysings plus twee parameters/kriteria insluit (e.g. power, mid, find) of eenvoudige if-funksie (if(toets, waar, vals)) of 'n kombinasie van meer as twee funksies of berekenings gebruik wat 'n kombinasie van rekenkundige bewerkingstekens, hakies en ander funksies of berekenings gebruik, met gebruik van date/time-funksies of variasies van bekende funksies (bv. countifs, roundup, randbetween, text, maxa)</p> <p>④ Opsoek of geneste if-funksie/if-funksie wat Boolese bewerkingstekens of komplekse berekenings gebruik (bv. kombineer funksies en rekenkundige/relasionele bewerkingstekens) of funksies wat nie in die kurrikulum is nie</p>							
	<p>LET WEL:</p> <p><input type="checkbox"/> Enige verkeerde/betekenislose aspek/funksie kwalifiseer NIE vir oorweging NIE</p> <p><input type="checkbox"/> Om al vier punte te verwerf moet die leerder ten minste een betekenisvolle berekening hê wat 'n aspek van elk van die vier vlakke het</p> <p><input type="checkbox"/> Lys enige funksie (waar toepaslik) wat gebruik is wat nie deel is van die kurrikulum nie</p>	4	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle berekenings wat funksies van al VIER vlakke gebruik (①, ②, ③ en ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle berekenings wat funksies van enige DRIE verskillende vlakke gebruik (①, ②, ③ OF ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle berekenings wat funksies van enige TWEE verskillende vlakke gebruik (①, ②, ③ OF ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle berekenings wat funksies van enige EEN vlak gebruik (①, ②, ③ of ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Geen sigblad nie OF Geen relevante, betekenisvolle verwerking gedoen nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
7	DATABASIS – ONTWERP Goed ontwerp en geformateer met geskikte datatipes, veldname en veldeienskappe/komponente om akkurate toevoer/vaslê van data te verseker. 'n Enkele veld bevat een stukkie data (bv. titel, naam, van in drie afsonderlike velde)							
	<input type="checkbox"/> Ten minste een tabel geskep <input type="checkbox"/> Alle velde het gepaste name, datatipes en groottes <input type="checkbox"/> Gebruik van toepaslike komponente/eienskappe om akkurate datavaslegging te verseker waar toepaslik <input type="checkbox"/> Alle velde bevat enkele data-eenhede (bv. aparte velde vir Naam en Van)	4	<ul style="list-style-type: none"> Al 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 3 van die 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 2 van die 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Slegs 1 van die 4 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Geen databasis nie OF Geen van die 4 aspekte duidelik teenwoordig nie 	
8	DATABASIS – VERWERKING Ten minste 30 rekords teenwoordig, plus twee relevante, betekenisvolle navrae en een relevante, betekenisvolle verslag wat korrek is en die probleem/oplossing sal toelig/ondersteun (LET WEL: <u>Verkeerde/Betekenislose</u> navrae of verslae kwalifiseer NIE vir enige punte nie)							
	<input type="checkbox"/> Ten minste 30 toepaslike, relevante rekords in 1 of meer tabelle <input type="checkbox"/> Ten minste twee relevante navrae wat korrek en betekenisvol is en die probleem/oplossing sal toelig/ondersteun/begrip van toepaslike skakels sal demonstreer <input type="checkbox"/> Ten minste een toepaslike, betekenisvolle en korrekte verslag wat die probleem/oplossing toelig/ondersteun	3		<ul style="list-style-type: none"> Al 3 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 2 van die 3 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Ten minste 1 van die 3 aspekte duidelik teenwoordig 	<ul style="list-style-type: none"> Geen databasis nie OF Geen van die 3 aspekte duidelik teenwoordig nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
9	<p>DATABASIS – KOMPLEKSITEIT VAN NAVRAE</p> <p>Die volgende verteenwoordig die vier verskillende vlakke van kompleksiteit van databasisnavrae:</p> <p>① Een veld met 1 eenvoudige kriterium (bv. 'X', >X, =X, not 'X', Is Null)</p> <p>② Een veld met gekombineerde kriteria wat Boolese en relasionele bewerkingsstekens gebruik (bv. 'X' or 'Y', >1 and < 10 of plaasvervangers soos between 1 and 10) of een veld met kriteria wat oorheersstringe ('wild cards') insluit</p> <p>③ Berekenende veld (bv. sum, min, max, avg, count of berekenings wat hierdie funksies vervang of berekening wat 1 rekenkundige bewerkingsstekens gebruik (+, -, *, /) of 1 veld met 'n kriterium wat komplekse kombinasies gebruik (bv. avg[Z] en between 1 and 10)</p> <p>④ Berekenende veld met komplekse berekenings (bv. gekombineerde funksies en datum/rekenkundige/relasionele bewerkingsstekens) of navraag wat meer as een tabel gebruik of navraag wat kriteria gebruik wat nie in die kurrikulum is nie, bv. iif, len</p>							
	<p>LET WEL:</p> <p><input type="checkbox"/> Enige verkeerde/betekenislose aspek/funksie kwalifiseer NIE vir oorweging NIE</p> <p><input type="checkbox"/> Om al vier punte te verwerf moet die leerder ten minste een navraag hê met al vier die aspekte</p> <p><input type="checkbox"/> Lys enige funksie (waar toepaslik) wat gebruik is wat nie deel is van die kurrikulum nie</p>	4	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van al VIER vlakke (①, ②, ③ en ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van enige DRIE verskillende vlakke (①, ②, ③ of ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van enige TWEE verskillende vlakke (①, ②, ③ of ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van slegs EEN vlak (①, ②, ③ of ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Geen databasis nie OF Geen relevante, betekenisvolle navrae gedoen nie 	

	KRITERIA	Moontlike punt	4	3	2	1	0	Punt behaal
10	<p>DATABASIS – KOMPLEKSITEIT VAN VERSLAG</p> <p>Die volgende verteenwoordig die vier verskillende vlakke van kompleksiteit van die databasisverslag/-verslae</p> <p>① Eenvoudig, nie gegroep nie, geen berekenings, geen filters, maar op 1 veld gesorteer</p> <p>② Nie gegroep nie, met slegs 1 eenvoudige berekening (min, max, sum, avg, count), of sonder berekenings gegroep of gegroep met 'n gesorteerde opsie</p> <p>③ Gegroep met 1 eenvoudige groep en 1 eenvoudige verslagberekening of nie gegroep nie met eenvoudige berekenings op meer as een veld</p> <p>④ Gegroep met eenvoudige verslag- en groep berekenings op meer as 1 veld of gegroep met 1 berekende veld/gegroep/nie gegroep met komplekse groep en/of verslag berekenings (kombinasie van velde, operatore, funksies) of funksie wat gebruik is vanaf die sigblad oorgedra/nie in die kurrikulum nie</p>							
	<p>LET WEL:</p> <p><input type="checkbox"/> Enige verkeerde/betekenislose aspek kwalifiseer NIE vir oorweging NIE</p> <p><input type="checkbox"/> Om al vier punte te verwerf met die leerder ten minste een navraag hê wat al vier die aspekte insluit</p> <p><input type="checkbox"/> Lys enige funksie (waar toepaslik) wat gebruik is en nie deel is van die kurrikulum nie</p>	4	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van al VIER vlakke (①, ②, ③ en ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van enige DRIE verskillende vlakke (①, ②, ③ of ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van enige TWEE verskillende vlakke (①, ②, ③ of ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Betekenisvolle gebruik van aspekte van slegs EEN vlak (①, ②, ③ of ④) 	<ul style="list-style-type: none"> Geen databasis nie OF Geen relevante, toepaslike verslag/verslae nie 	
11	<p>BEWYS EN ORGANISASIE VAN DOKUMENTE</p> <p>Formaat en organisasie van materiaal/bewyse</p>							
	<p><input type="checkbox"/> Elektroniese en/of hardekopieë van alle dokumente/lêers (insluitend sigblad en databasis) beskikbaar</p> <p><input type="checkbox"/> Alles georganiseer in 'n logiese lêergidsstruktuur, duidelik benoem en maklik om te vind/navigeer</p>	2			<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik beide aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Bevat duidelik 1 van die 2 aspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Geen bewyse nie OF Bevat geen van die aspekte nie 	
12	<p>FASE 2-DOKUMENT</p> <p>Een woordverwerkingsdokument wat al die inligting bevat wat nodig is vir Fase 2 ('n kopie van die vraelys as 'n bylae ingesluit, maar ander inligtingsbronne uitgesluit) en wat hiperskakels na ander lêers/bewyse/bronne verskaf om maklike navigasie en maklike toegang tot alle ander lêers/bewyse/bronne moontlik te maak</p>							
